NG KERK IN OOSKAAPLAND

SAKELYS AD HOC BEPLANNINGSKOMMISSIE VIR DIE SINODALE VERGADERING VAN NOVEMBER 2007

1. OPENING

1.1 Ds Hansie Schutte heet almal welkom, maak verskoning vir dr Du Toit en .open die vergadering met ‘n gebed.

2. PRESENSIE

Ds Hansie Schutte - Voorsitter
Dr Chris van Wyk - Ondervoorsitter
Dr Schalk du Toit - Aktuarius (Verskoning)
Ds Danie Mouton - Skriba
Dr Jan Viljoen - DA

3. OPDRAG

3.1 Beplanning

3.1.1 Kennis geneem dat die ad hoc kommissie opdrag van die SK ontvang het om ‘n beplanning vir die sinodale vergadering van November 2007 op 19 April aan die vergadering voor te lê.

3.1.2 **KO 35.8.1.7** bepaal dat die SK-Dagbestuur as Kommissie vir Orde optree. Die beplanning sal dienooreenkomstig hanteer word.

4. DATUMS

4.1 Sinodale vergadering: 12 tot 15 November 2007 (Maandag tot Donderdag)

4.2 Tyd:
4.2.1 Aanvang: 10:00 vooraf vergaderings; 12:00 Registrasie, 13:00 en 14:00 opening en konstituering.
4.2.2 Verdaging: 13:00 en kospakkie.

4.3 Geloofsbriewe: Ingehandig teen 10 Augustus (3 maande voor die tyd). Geloofsbriewe word uitgebrei om vir meer inligting voorsiening te maak.

4.4 Kennisgewing Kerkbode: Die kennisgewing word in die eerste uitgawe van Augustus geplaas (3 maande voor die tyd).

4.5 Keerdatums:
4.5.1 Inhandiging van verslae: 10 Augustus
4.5.2 Indien van beskrywingspunte: 10 Augustus
4.5.3 Voorbereiding vir versending: Koeverte / kartonne vir versending word vanaf 1 September voorberei.
4.5.4 Versending van sakelyste na gemeentes: 8 Oktober.
4.5.5 Versending geskied per landspos.

5. VERGADERPLEK EN VERBLYF

5.1 Vergaderplek:

‘n Vereiste is dat afgevaardigdes in groepe van 8 tot 10 om tafels sit. Die volgende moontlikhede sal ondersoek word:

- Universiteit se binneshuise sportsentrum, of
- Sportsentrum by die voormalige tegnikon; of
- Vista Universiteit.
- as tweede keuse by ‘n gemeente, soos PE-Wes.

5.2 Verblyfreëlings

- Oorslaap by Willows, of

as tweede keuse strandfrontwoonstelle.

5.3 Finansiering

Die 106 gemeentes betaal die volledige koste van die vergadering. Daar is finansiële ondersteuning vir hulpbehoewende gemeentes beskikbaar.

5.4 Getal

Werk met 270 lede vir die vergadering.

6. SAKELYS EN HANDELINGE

6.1 Voorblad: die skriba ontwerp die voorblad.

6.2 Aantal kopieë: 300

6.3 Kwotasies vir drukwerk:

Harry’s Printers se kwotasie vir die Sakelys word aanvaar. ‘n Kwotasie moet ook vir die Handelinge verkry en aanvaar word.

6.4 Datum na drukkers:13 September

6.5 Datum vir versending na gemeentes: 8 Oktober

6.6 Kaart / Straatplan vir insluiting in die sakelys

6.7 Verslae word verwag van die volgende kommissies / persone:
6.7.1 Sinodale Kommissie
6.7.2 Regskommissie (eie verslag)
6.7.3 Begeleidingsnetwerk (onderdeel van SK-verslag)
6.7.4 Deskundige Lid Finansies (onderdeel van SK-verslag)
6.7.5 Verslag oor Ringsprojekte (onderdeel van SK-verslag)
6.7.6 Verslag van die konvent (onderdeel van die SK-verslag)

6.8 Goedkeur van die verslag van die Sinodale Kommissie

Besluit: 'n Buitengewone SK-vergadering word vir 26 Julie belê word. Die SK-Dagbestuur sal na afloop van die vergadering bymekaarkom.

6.9 Sake vanaf die Algemene Sinode

Die volgende sake sal waarskynlik uit daardie vergadering voortspruit:

- A-Z Handleiding
- Homoseksualiteit
- Kerkhereniging
- Geweld en misdaad
- Grondhervorming

6.10 Die 4 sinodale funksies word as organisasie-beginsel vir die SK-verslag gebruik.

7. KOMMUNIKASIE VOORAF

7.1 Kennisgewing aan gemeentes en aanvra van geloofsbriewe:

- Datum - 1 Mei

7.2 Ringe word versoek om aan die hand van die volgende riglyn terugvoer ooe ringsprojekte te gee:

- Wat is aan die gang?
- Watter leer ons hiervan? Watter goed word ons wakker gemaak?
- Hoe beïnvloed dit ons beplanning? Prentjie van die pad vorentoe.

Foto's sal n belangrike deel van die terugvoer wees.

7.3 Tydens die vergadering sal ons in die aanbiedings van die terugrapport luister vir die gemeenskaplike patrone wat hieruit na vore kom, sodat ons in terme daarvan begeleiding vorentoe kan verskaf.

8. ROOSTER VAN WERKSAAMHEDE

8.1 Ooreengekom dat die sinodale visie die oorkoepelende tema van die sinode vorm.

8.2 Die Algemene Sinode gaan besluite neem oor prosesse wat in sinodes gevolg moet word. Dit word in die SK-verslag ingepak word ooreen-komstig sinodale funksies.

8.2 Vooraf ontmoeting van tydelike kommissies word georganiseer waar nodig.

8.3 Opening (oudste leraar met langste diens)

8.4 Konstituering - Oudste leraar hanteer

8.5 Verkiesing van voorsitter (geskied aan die begin van die vergadering)

8.6 Verslag van die Ordekommissie

8.7 Verslag van die Sinodale Kommissie

8.8 Verkiesing van die ander moderatuurslede (begin van die vergadering)

8.9 Besluit ten opsigte van die verkiesing van die moderatuur:
Indien die skriba 'n amptenaar is, moet 'n addisionele lid verkies word, sodat daar vier verkose lede is met die skriba as lid met adviserende stem. Die regskommissie moet, indien nodig, die kerkorde en reglemente aanpas.

8.10 Dagwydings - Rudi Swanepoel en 'n span adviseer die kommissie van orde oor die dagwydings

8.11 Groeteboodskappe van
VGK (plaaslike leraars)
RCA (plaaslike leraar)
NGKA (
Gereformeerde Kerk PE (skriftelik)
Hervormde Kerk PE (skriftelik)

8.12 Tye vir die voorlê van groeteboodskappe - Besluit staan oor.

8.13 Optrede van 'n verteenwoordiger / aktuarius van die Pensioenfonds - uitnodiging word gerig.

8.14 Verteenwoordiger van die Argief (dr Froneman, Dinsdagoggend)

8.15 Nagmaaldiens - in plaaslike gemeente, datum nog te bepaal

8.16 Sprekers / Inleiers - staan oor.

8.17 Prosesse - staan oor

8.18 Lokale benodig - staan oor

8.19 Afsluiting - Assessor

9. LOGISTIEK - STAAN OOR

9.1 Beraming van logistiese behoeftes in terme van vergaderplek, lokale en toerusting

9.2 Klankstelsel en beeld / dataprojektor

9.3 Donateurs van skryfbehoeftes (soos CLF?)

9.4 Registrasie van afgevaardigdes

9.5 Tiksters tydens die vergadering

9.6 Netwerk van rekenaars

9.7 Sekuriteit (parkeerarea en vergadersaal)

9.8 Fotostaatmasjien

9.9 Daaglikse uitdeel van die notule - reëlings met drukkers?

9.10 Voorsiening van etes

9.11 Mediese hulp / noodhulp

9.12 E-pos fasiliteite

10. FINANSIES - STAAN OOR

10.1 Reiskoste

10.2 Akkommodasie

10.3 Koste van Vergaderplek

10.4 Skryfbehoeftes

10.5 Klankstelsel

10.6 Dataprojektor

10.7 Etes, tee/lkoffie en eetgoed

11. UITSTALLERS - STAAN OOR

11.1 CUM / Lux Verbi

11.2 CLF

11.3 Bybel-Media

11.4 Verskillende ringsprojekte - ringe het ruimte

12. AANWYS VAN TYDELIKE KOMMISSIES / GROEPLEIERS - STAAN OOR

12.1 Kommissie vir Kommissies

12.2 Notule-kommissie (insluitend sakeregister, besluite aan kerkrade en operateurs van die dataprojektor)

12.3 Regskommissie

12.4 Fondsekommissie

12.5 Reiskoste / tjeks

12.6 Stemmetellers / uitdeel van dokumente

12.7 Skakeling met die media - moderatuur

12.8 Algemene Sake en Ekumene

12.9 Tafelleiers

12.10 Luisterspan / Terugvoerspan

13. ANDER ASPEKTE

13.1 Oos-Kaap E-Nuus tydens Algemene Sinode

Besluit: Die skriba word toegerus om daagliks ‘n Oos-Kaap eNuus tydens die Algemene Sinode uit te stuur.

14. AFSLUITING

Ds Hansie Schutte sluit met gebed af.